

**Sondag 10 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:32-52 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Markus 14:36**

**Getsemane vertel ook iets van hoe duur die prys was wat Jesus vir ons betaal het**

**B**y die ingang van Getsemane los Jesus die meeste van sy dissipels en neem net Petrus, Jakobus en Johannes saam. Jesus is doodsbenoud, want Hy weet wat kom! Hy beveel die drie om te waak, sodat Hy nog vir oulaas tyd saam met sy Vader kan spandeer.

Dit word egter gou pynlik duidelik hoe alleen Jesus daar in Getsemane is. Nie een van sy dissipels kan eers in hierdie krisissituasie wakker bly om saam met Hom te waak nie! Ook nie Petrus wat sy bystand by herhaling belooft het nie! Ook dít moet Jesus alleen doen!

En dan bid Jesus hierdie byna onbegryplike gebed van ons fokusgedeelte. 'n Gebed wat ons sien Hy by herhaling gebid het. Hoekom sê ons dit is byna onbegryplik? Want Hy het hoeveel keer in sy lewe aangekondig dat Hy gaan sterf. Trouens, dit is die doel waarom Hy mens geword het. Ons is gebore om te lewe! Hy is gebore om hier te sterwe! En nou dat Hy op die punt is om te sterf, nou bid Hy dat dit nié moet gebeur nie! Hoe moet ons hierdie gebede van Jesus verstaan?

Die sleutel om iets van hierdie byna onbegryplike gebed van Jesus te verstaan, is die eerste woordjie in ons fokusgedeelte "Abba". "Abba" is 'n kinderwoord. Dit is hoe die klein kindertjies destyds hulle pa aangespreek het. Jesus was dus hier besig om sy hart kinderlik voor ons Vader uit te stort. Hieruit kan ons baie leer oor gebed, ook as ons krisissituasies beleef, nie waar nie? Maar ons kan ook dink wat deur ons Vader se hart moes gegaan het, toe Hy sy geliefde Seun so hoor pleit het.

As ons dus iets wil besef van hoe onsettend duur ons gekoop is, en hoe verskriklik die prys was wat ons Here Jesus én ons Vader betaal het, dan moet ons nié net na Golgota kyk nie, maar ook na hierdie angswekkende oomblikke wat daar in Getsemane afgespeel het.

*Sing: Skrifberyming 5-2:3-5 (Melodie Ps. 18)*

*Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)*